Litera

Meyer van Rensburg	Gedig	129
J.W. du Plessis	Gedigte	130
Heilna du Plooy	Mmamodidi	132
G.A. Jooste	Die reëls van die spel	144

Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daaroor te korrespondeer nie. Bydraes in viervoud moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan Die Hoofredakteur, *Literator* (629), Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. Four copies of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), PU for CHE, Potchefstroom 2520.

Meyer van Rensburg
Gedig

"... dat woorde al 's verknoei wat onuitspreeklik is."

(Lina Spies)

Efas welriekende wete
wel vreugdevol op in my
brand heilige salfolie en reukwerk
geurige kaneel en kalmoes en sikkels fyn mirre
wierook en speserye: 'n vuuroffer
nonette note van die sjofars
dring deur elke sinaps en sel
deur logge longe, keel en mond
stil stembande en trae tong
wat dit tog reg wil sê
sonder verwringing
[*vox populi, vox Dei*?]
dit wat onuitspreeklik sing in my
hoe sê ek
of spreek ek uit
tabernakels oopgewelde heerlikheid
wat geen woord se grens kan stuit?

Nie net dat Hy is
[dit weet ek tog gewis]
maar simplisties
dat hy almagtig die lewe lei
endogeen
diep binne en onbenullige my.

Triool vir Paasfees

28 Maart 1991

Die tafel, feestelik gedek,
bied elkeen 'n gelyke plek.

Die kersvlam flakker stalagmiet
brand die herfsgras van jou oë
bruin grond vir die palms
van ons klein fees-
vreugde:
        gister se sukses -
        môre se tydelikheid -

en ons klink klein glasies
okerwyn
oor brood en lam en kruie
gesuur gerooster soet
klein wit angeliertjies
sellofaan die klank van baie woorde
woorde ...
en die kruis van liggaam-wees.

Die kelner neem die leë bord.
Die kers se stam het as geword

Ná 'n besoek aan die sielkundige

Maar toe my eksistensie kantel
en die kompas nagwaarts wys,
stort ek lewensat en flenters
in jou lommer paradys

waar jy analities-spits jou wapen
aanlê op my sielsbestaan;
my moeisaam uittrek tot ek skuldig-
naak voor jou soos Eva staan.

Jou oë stetoskoop die vesels,
deursoek die stegies van my siel.
Die skalpel van jou ore sny
rondom die broos Achilleshiel.

Jou balpunt stol in snelle krabbels,
die fyn nuanses van my stem:
krimp my syn tot enkel woorde
tussen punte vasgeklem.

Maar dink jy ooit wanneer jy klinies
my oerskuld - vrouwees - diagnoseer:
dat my kussing en stom gebede
jou veel meer van *my* kon leer?

Byeen gerakel kan ek later
die kwitansie uit die posbus haal.
Maar hoe, mnr. De Lange, kan
ek ooit Sy Rekening betaal?

Mmamodidi

"Watse kos sal ons vir vandag maak, Johanna?" vra ek. "Liewe hemel, 'n mens eet en eet en eet net heeldag - mens sal jou hele lank lewe kan besig bly net met kosmaak!"

Johanna glimlag op haar stil manier. Sy kyk nie op van die skottelgoed in die wasbak voor haar nie, maar haar tande blink wit in haar donker gesig.

Ek skuif klein Henkie op my heup en maak die vrieskas oop. Ek trek die laaie een na die ander uit en inspekteer die inhoud vinnig. 'n Pakkie maalvleis in die onderste laai kom tot my redding. Dis nie dat daar nie ander kos in die vrieskas is nie, inteendeel, daar is 'n verskeidenheid: 'n groot pak hoendervleis, 'n paar pakkies wildsvleis, biefstuk, dikrib, 'n blok silverside, en nog meer. Maar al hierdie soorte vleis moet in geregte verwerk word en die waarheid is dat ek nie nou 'n maaltyd wil of kan uitdink nie. Ek wil gewoon nie oor kos dink nie, ek wil nie my tyd of energie opgebruik met gedagtes aan kos nie.

"Ag, Johanna, maak sommer vir ons frikkadelle. Hier is nog gevriesde boontjies ook. Sit die ertappels tussen die vleis dat dit saam gaar word ... Dink jy dis nou genoeg? Wat is hier nog in die huis?"

"Die mies kan maar gaan werk. Ek sal kyk wat is hier nog - die oubaas het mos laasweek vir ons 'n pampoen gebring. Hy is nog daar in die garage." Johanna vat die pakkie maalvleis by my. Haar hande is skraal en netjies.

Ek drafstap spaarkamer toe met die kind in my arms. Ek het vir my hier 'n werkplekkie ingerig. Die lessenaartjie uit my hoërskooldae is agter die deur teen die muur geskuif en die bed teen die ander muur sodat daar 'n speelplekkie op die mat kan wees vir Henkie.

Ek sit hom tussen die blokkies en plastiekdiere op die vloer neer. Ek druk vinnig 'n paar blokkies aanmekaar en maak hulle staan.

"Kyk, hier is vir jou 'n toring. Maak jy ook een, toe."

Met eenjarige ongeërgdheid klap hy die toring onderstebo en pak 'n wollerige hond beet. Hy lyk heeltemal gelukkig met sy vonds. Steeds gehurk retireer ek versigtig tot by my stoel. Ek seil as't ware teen die stoel op met stadige en egalige bewegings om nie die baba se aandag van sy spelery af te trek nie. Ek gaan versigtig sit en loer oor my skouer om te sien of hy nog gelukkig lyk.

My oë gaan oor die verskillende stapeltjies papiere en boeke op die lessenaar. Vir 'n oomblik lyk alles op die lessenaar vreemd. Ek voel nog half uitasem van die gespook om Markus en die ander drie kinders weg te help, die kleinste was juis glad nie lus vir skool nie.

Dit voel vir my asof ek alles wat ek gisteraand gedoen het, vergeet het, asof daar nie enkele literêre gedagte in my kop oorgebly het nie.

Vir die soveelste keer die afgelope maande raas ek met myself: "Waarom wil jy opsluit hierdie verhandeling skryf? Jy weet jou lewe is klaar propvol, oorvol - jy weet dit gaan jou niks in die sak bring nie ... ander mense doen dit nie en word tog nie koolkoppe nie ...", maar die gedagtes rafel uit en word yl as ek op die woorde en letters begin fokus. Ek lees gisteraand se laaste sin: "'n Mens kom gou agter dat die betekenis van die roman nie in logiese en chronologiese patrone opgesluit lê nie. Die gebeure hoort eerder in groepe bymekaar; hulle beeld sekere tydperke uit en ..."

Ek moet nou hierdie stelling voltooi en toelig. Vir twintig minute vorder ek. Dan begin Henkie kerm, hy sukkel orent en waggel tot by my. Hy begin aan my klere trek en rem. Met een hand vryf ek sy koppie terwyl ek met die ander hand verbete skryf. Hy kerm harder. Ek tel hom op my linkerbeen, draai hom sodat sy gesiggie wegkyk van die lessenaar en wip hom op en af, terwyl my oë die huidige laaste sin lees. Die stewige babalyfie wriemel en beur en kort stewige armpies strek en gryp na my papiere.

Ek begin meganies sing: "Liefe, liefe seuntjie, ma se klein ou rammetjie ..." en wip hom al hoe hoër.

Baie gou moet ek die stryd gewonne gee. Ek tel die baba op en gaan stap met hom 'n draai in die tuin. Later sit hy in sy hoë stoeltjie en kou aan 'n repie biltong terwyl ek tee maak.

"Johanna, hoe weet hy wat ek doen? Hoekom kerm hy nie as ek tee maak nie? Nee, nou sal hy daar sit soos 'n engeltjie. Maar laat ek nou net by my werk gaan sit, dan begin hy raas!"

"Hy weet, mies, hy weet. Hulle is baie slim, dié kleintjies."

Tienuur sit ek vir Henkie in die bed met 'n bottel melk. Gelukkig slaap hy goed.

Ek hárdlóóp terug na my boeke.

Ek slaan my gedagtes hok en val weg. As daar een ding is wat 'n boekerige vrou vinnig leer, is dit om beskikbare minute te gebruik.

Henkie word halfeen eers wakker. Ek tel hom op uit sy bed en sit vir hom 'n skoon doek aan. Die ander doeke is nou al gewas en op die draad, die huis is netjies en uit die kombuis kom die geur van die frikkadelle.

"Ai Johanna, ek weet nie wat ek sonder jou sal doen nie. Ek het vanmôre regtig 'n hele stuk werk klaargekry."

"Hoe lank gaan die mies nog werk?" vra sy.

"Ek weet nie, ek gaan maar so aan en kyk wat gebeur. Ek hoop darem dis klaar as die somer kom."

Johanna werk al ses jaar by ons en het met verloop van tyd die ritme van ons huishouding goed leer ken. Soos wat my studeerdery momentum gekry het, het ek geleidelik al meer op haar begin steun. Ek kan die studie net teenoor myself regverdig as dit die huishouding en my gesin so min as moontlik ontwrig. Vir Johanna is die 'leerdery' tog vreemd.

"Hoekom leer die mies nog?"

"Ek weet ook nie regtig nie, Johanna. Elke mens het seker maar iets wat hy graag doen of wat hy graag wil doen. Ek is nog van altyd af so lief vir boeke."

Die volle waarheid is dat ek versot is op boeke. 'n Toe boek is vir my 'n onweerstaanbare misterie. Dit voel vir my asof ek dalk iets wonderliks ontbeer as ek nie kan kyk wat in so 'n boek staan nie. Om boeke te lees, hoef vir my geen nut te hê nie, dit is gewoon 'n manier van lewe.

In die jaar van die verhandeling kom ek en Johanna baie na aan mekaar. Nee, dit is tog nie heeltemal waar nie - ek voel baie na aan haar. Dit voel vir my sy deel soveel met my, die huishouding, die versorging van die kinders, selfs die vordering van die verhandeling, want vir wie anders sal ek kort-kort kan sê hoe ek vorder. Sy is die een wat die hele tyd daar is.

Ek praat so maklik met Johanna, want ek hou van haar. Ek het respek vir haar stil waardigheid en gereserveerdheid. Natuurlik is sy ook die een wat my red van die bedreiginge van 'n chaotiese huishouding, van eindelose bondels ongestrykte wasgoed, berge skottelgoed en donse onder die beddens. Maar met die salaris wat sy hier verdien, onderhou sy haar kind. Dit voel tog vir my ons twee maak 'n goeie span - sy help my en ek help haar en ons kom goed klaar so heeldag saam in die huis.

Wat Johanna regtig dink, weet ek nie. Sy praat nie baie nie en het ook min vriende. Eintlik is dit net Doris van om die hoek wat gereeld hier kom. Sover ek weet, het Johanna ook nie mansvriende nie. Sy het wel die kind, 'n dogtertjie van so nege jaar, maar oor die kind se pa sê sy nooit iets nie. My aanvoeling sê vir my ek moet ook nie vra nie. Die kind se naam is Mmamodidi - dit is vir ons 'n baie mooi naam en ons noem haar so en nie op haar Westerse naam nie.

Mmamodidi bly by Johanna se tante op die plaas - in 'n stat in Bophuthatswana. Johanna is 'n weeskind, haar ma is met haar geboorte dood en die tante het haar grootgemaak. Die tante se kinders is die enigste familie wat Johanna het, maar sy sien hulle min en praat net nou en dan van een 'broer' wat in die stad werk.

Elke jaar kom Mmamodidi in die winter vir twee weke by Johanna kuier. Ek het nog nooit 'n kind gesien wat so sprekend op haar ma lyk nie. Mmamodidi het dieselfde ronde gesiggie met hoë wangbene, ovaal oë en wye mond as Johanna. Sy het ook so 'n ronde lyfie met dun arms en bene soos haar ma. Johanna het 'n effens hoë stem en Mmamodidi praat met so 'n fyn en dun stemmetjie.

Mmamodidi se kuier is vir my kinders 'n groot plesier. Haar verwondering en vreugde in hulle speelgoed maak die speelgoed vir hulle ook weer nuut en aantreklik. Sy is elke dag kraakskoon van haar blink gesiggie tot by haar blink skoenpuntjies.

"Pla die skoene nie vir Mmamodidi nie?" vra ek vir Johanna.

"Nee, mies. Sy moet mooi wees hier." Johanna vertel dat Mmamodidi nou skoolgaan en dat sy goed leer. Sy kan al lees en skryf.

"Dan kan sy jou help met die kompetisies!" terg ek. Johanna is 'n verbete ondersteuner van al wat kompetisie is. Sy skryf vir elke kompetisie wat sy sien in. Met die grootste sorg word die vorms ingevul en die vrae beantwoord. Dan adresseer sy die koevert in haar netjiese effens onbeholpe handskrif en Markus moet die brief by die hoofposkantoor pos.

"Nee, mies," lag Johanna oor my spottery. "Die skool sê Mmamodidi is slim. Sy moet 'n teacher word. Ek sê vir haar sy moet mooi leer. Ek sal geld spaar en dan kan sy eendag 'n teacher word."

Na 'n rukkie sê sy: "Toe ek dié kind gekry het, was my lewe swart. Jy weet mos, miesies, ek het nie 'n ma nie. Toe sê ek - die kind is Mmamodidi."

"Wat beteken Mmamodidi, Johanna?" vra ek.

"Dit sê 'die arm vrou'. Nou het Mmamodidi vir my. Ek kan goed werk en ek sorg vir haar, want ek het nie ander kinders nie. Mmamodidi sal mooi lewe."

Veel later het ek besef dat Mmamodidi ook sou kon beteken 'die armste van die vroue', of selfs 'die vrou wat oerarm is'.

Die aand toe ons die voltooiing van my verhandeling vier, sê ek vir Markus: "Eintlik moes ek vir Johanna ook in die voorwoord bedank het. Julle het my almal gehelp en moed ingepraat ..."

"... en uitgehou ..." praat Markus tussenin.

"Ja, uitgehou en wat nog alles, maar die een wat dit fisies vir my moontlik gemaak het, is Johanna. Sy het dinge uit my hande geneem wat dit vir my moontlik gemaak het om tyd los te kry. Ek moes haar naam in die voorwoord genoem het."

Die feit is dat ek dit nie gedoen het nie.

'n Paar maande later op 'n Maandagaand, kla Johanna van 'n seer arm. Ek vra uit en sy beduie dat dit pyn in die agterste sagte vleis van haar linker boarm.

"Het jy die arm gestamp?" vra ek.

"Ek dink nie so nie," antwoord sy.

"Het jy nie dalk die spier getrek toe jy die wasgoed opgehang het nie?" vra ek weer.

Maar sy weet nie wanneer die pyn presies begin het nie. Sy dink dit was gister al 'n bietjie seer. Ek gee haar tablette wat 'n spierverslapper bevat en 'n smeermiddel.

Dinsdag is die pyn beter en Johanna kla nie weer nie.

Woensdagmiddag so kort voor vier neem ek die kinders skool toe vir atletiekoefening. Ons kry Johanna by die hek.

"Wil jy saamry, Johanna?" Ek weet daar gaan nou weer tydskrifte gekoop word.

"Nee, mies, ek wag vir Doris. Sy gaan saam met my om die magazines te koop."

Ek laai die kinders by die sportterrein af. Terwyl hulle oefen, draf ek deur die supermark. Henkie geniet die ryery in die hoë waentjie, maar ek konsentreer hard om so vinnig en so goedkoop moontlik die noodsaaklikste kruidenierswaré in te laai.

Ons kom teen halfses by die huis. Die kinders is honger, Henkie huil want hy is moeg en Markus sê ek moet onthou hy het halfsewe 'n vergadering.

Ek bondel die kinders twee-twee in die bad en dek tussendeur tafel. Ons eet haastig.

Nadat Markus weg is, dek ek en die kinders af. Ek sit vir Henkie in die bed en kyk of die ander drie se skoolwerkies gedoen is. Eers daarna kom ek agter dat ek Johanna nog nie weer gesien het. In die harwar het ek nie opgemerk dat sy nog nie ingekom het nie. Ek is nie gesteld daarop dat sy met aandete help nie, maar sy kom gewoonlik vir haar kos haal.

Ek roep by die agterdeur, maar sy antwoord nie.

"Dalk kuier sy vandag 'n bietjie later by Doris," dink ek, maar ek weet dis tog vreemd. Johanna kuier nie laat nie.

Teen half agt stap ek na buite, maar Johanna se kamerlig brand nie. Dit het in ses jaar nog nooit gebeur dat sy nie vroegaand in die huis inkom om te help of kos te kry nie.

"Johanna is 'n selfstandige grootmens. Sy sal wel nou-nou kom," redeneer ek met myself.

Om halfnege kom Markus terug. Ek het die afgelope uur al drie keer gaan kyk of Johanna se kamerlig nie brand nie.

"Johanna het nog nie vir haar kom kos haal nie, "is my eerste woorde toe hy in die kombuis inkom.

"Hoe so? Sy gaan tog nooit saans weg nie."

"Ek verstaan dit nie. Ek is nou al regtig bang sy het iets oorgekom. Dalk het sy eers na donker van Doris af gekom. Sê nou net iemand het haar langs die pad aangerand of iets ..."

"Nee, wag nou. Moenie dat jou verbeelding met jou op loop gaan nie. Sy is seker maar by Doris."

Ons drink tee by die kombuistafel. Ek gaan kyk weer na Johanna se kamervenser. Die lig brand steeds nie.

"Moet ons nie om die blok ry en kyk of ons haar kry nie? Of by die Van Niekerks gaan vra of Doris nie weet waar sy is nie?"

Markus kan sien ek is baie bekommerd.

"Nou toe kom," sê hy. "Ons ry gou."

Markus stap uit garage toe terwyl ek gou kyk of die kinders slaap. In die verbygaan gryp ek 'n trui.

Ek kom haastig uit die gang in die kombuis in. Markus kom terselfdertyd by die buitedeur in.

"Slaap die kinders?" vra hy.

"Ja ..."

"Jy moet nou nie te groot skrik nie, lief," sê hy.

"Wat is dit?" vra ek en word yskoud.

"Jong, ek dink Johanna is dood."

Ek is sprakeloos.

"Ek het gaan kyk of haar kamerdeur gesluit is. Toe kry ek haar ..."

"Maar hoe? Is sy aangerand? Is daar iemand anders daar?" Ek glo nie wat ek hoor nie.

"Die deur was nie op knip nie en toe ek daarteen stoot, wou dit nie verder oop nie. Ek het my arm om die opening gesteek om die lig aan te sit ... toe sien ek sy lê net binne die deur."

"Is sy nie net flou nie?" vra ek. "Is daar bloed ...?"

"Daar is niks bloed wat ek kan sien nie. Ek dink nie sy is flou nie ... sy is yskoud ... ek kon ook nie haar nekslagaar voel nie ..."

Ek wil dadelik buite toe om te gaan kyk. Ek glo nie dit is moontlik dat Johanna dood kan wees nie.

"Wag eers, liefie, kom eers tot verhaal."

Ons gaan sit op die harde kombuisstoele. Iewers begin iets in my bewe. Markus is wit om die mond.

"En nou?" vra ek.

Ek weet glad nie wat om te doen nie. Ek kan sien hoe Markus homself regruk. Sy kop werk sekuur juis as daar 'n krisis is. Myne gaan staan.

"Ons moet die polisie bel en uitvind wat om te doen."

Terwyl hy skakel, bly sit ek verslae by die tafel. Ek hoor hom praat. Hy maak 'n tweede oproep.

"Hulle kom dadelik. Ek moes die ambulansdiens ook bel. Ons moet alles net so los."

Die polisie daag na 'n rukkie op. Die jong speurder, Markus en ek skuif by die oop skrefie van Johanna se kamerdeur in. Sy lê skuins op haar sy teen die halfoop deur. Ons moet oor haar voete tree. Haar gesig lê na onder teen die vloer.

Sy het haar kamerjas aan. Die kamer ruik na gesigseep en lyfpoeier. Op haar bed, bo-op die stroke geborduurde linne waarmee haar bed versier is, lê haar skoon klere netjies reggesit. Op die tafeltjie lê 'n oop tydskrif. Die ingevulde inskrywingsvorm vir 'n wedstryd is uitgesny en die koevert lê reg om geadresseer te word. Die pen lê langs Johanna se regterhand op die vloer agter die deur.

Die speurder voel aan haar nek, kyk rond, vat hier en daar aan iets.

"Dit lyk regtig nie of hier iets gewelddadigs gebeur het nie. Was sy siek?"

"Nee," antwoord ek.

En dan onthou ek van die seer arm. Ek vlug in die huis in.

Twee ure later kom die ambulans en die ambulansman ondersoek die liggaam.

"Dit lyk na 'n koronêr," sê hy. "Sy was dood voor sy op die grond geval het, weet julle. Kyk, sy het haar lip stukkend geval en dit het nie eers gebloei nie."

"Ek dink sy wou net die kamerlig aansit toe dit gebeur het," sê Markus.

Ek staan in die donker op die gras agter die huis toe hulle haar uitdra op die draagbaar. Haar gesig is vreemd. Hulle trek 'n laken daaroor.

Ons moet vorms invul en verklarings maak.

"Hoe oud was sy? "vra die ambulansman.

"Vyf en dertig," sê ek. Sy was jonk, sy was 'n swart vrou en sy was nie oorgewig nie. En tog het sy 'n hartaanval gekry.

"Sy het gesê haar arm is seer," huil ek. "Maar ek het regtig nie gedink dis so erg nie ..."

Ek voel magteloos en skuldig - 'n mens moes iets kon doen. En ek het smeersalf en 'n spierverslapper gegee ...

Die volgende oggend gaan sê ek vir Doris. Sy skree van skrik. Ek kan nie meer trane huil nie. Ek het in dié nag uitgevind dat 'n mens se trane regtig opraak - wat glad nie beteken dat jy dan nie meer huil nie.

Ek en Markus ry na die plek waar Johanna se broer werk. Hy hou sy kop met albei arms vas. Later sê hy hy moet eers die naweek met die ander ouer broer op die plaas gaan praat om te hoor wat hulle nou moet doen. Hulle sal haar daar op die plaas in Bophuthatswana gaan bêre, maar hy sal eers gaan hoor wat hulle moet doen.

Ek dink, in wit terme, aan begrafnisreëlings wat so gou as moontlik afgehandel word en wil iets sê. Markus beduie ek moet geduldig wees.

Voor ons ry, sê ek: "Julle moet mooi praat met Mmamodidi. Sy gaan baie skrik."

"Ons sal, ons sal," belowe hy.

Die dae verloop so half koersloos. In hierdie huis waar ek bly, hier was ek en Johanna mekaar se naaste, selfs mekaar se allernaaste, want ons was heeldag saam. Toe ek haar nodig gehad het, was sy die hele tyd daar. Toe sy my nodig gehad het, het ek dit nie eers geweet nie. Die weerloosheid, die troosteloosheid van so 'n allenige doodgaan, terwyl ons treë van haar af in die huis was, is vir my baie erg. Sy het alleen gelewe. Sy het alleen doodgegaan.

Na die naweek wag ons vir Johanna se broer om te kom sê wat nou moet gebeur. Hy kom nie. Ons gaan weer na sy werk toe. Die ouer broer was weg en hulle kon nie praat nie, sê hy.

"En Mmamodidi?" vra ek.

"Sy praat nie," sê hy. "Sy huil ook nie."

"En die ouma?" vra ek weer.

"Die ouma hou sy kop vas. Hy weet nie wie sal sorg nie. Ons sal weer praat hierdie week."

"Maar, Markus," sê ek toe ons wegry, "die begrafnis kan tog nie so lank uitgestel word nie?"

"My vroutjie, ons kan daar niks aan doen nie. Die mense by die lykhuis sal sorg dat die liggaam versorg is - hulle sit dit in yskaste. Vir die swartmense is 'n begrafnis 'n familie-aangeleentheid. Ons kan of mag nie hier inmeng nie. Hulle sal die saak reël volgens hulle gebruike en gewoontes."

"Maar hulle het omtrent niks met haar te doene gehad nie. Hulle het nooit vir haar kom kuier nie, hulle het hulle nooit eers aan haar gesteur nie. Johanna het in elk geval niks van hierdie broer van haar se vrou gehou nie. Sy het altyd met Johanna rusie gemaak. Watter versekering het 'n mens nou dat hulle moeite doen om die begrafnis gereël te kry? Dit lyk asof hulle dink dit moet vanself gebeur."

"Jong, ons verstaan dalk net nie hulle manier van doen nie."

"En ek bekommer my buitendien gedaan oor die ouma en Mmamodidi - wat gaan van hulle word as Johanna nie meer vir hulle geld stuur nie? Die ander familie is nou mos gewoond daaraan dat Johanna vir hulle sorg."

"Dis alles waar, maar ek sê nou vir jou, dis hulle saak. Die dood is vir hulle 'n baie ernstige ding - dis 'n geleentheid, 'n kommunale aktiwiteit, die verantwoordelikheid van die hele gemeenskap. Hulle moet eers praat daaroor en dan sal hulle doen wat hulle dink gedoen moet word op die manier wat volgens hulle gewoontes reg is."

Ek ruim Johanna se kamer op. Daar is nie 'n stukkie vuil klere in die kamer nie, alles is vars gewas. Ek pak al haar klere in 'n tas. Ek vou die geborduurde linnestroke oor haar bed op. In haar kas is 'n hele stapel geborduurde linnetafeldoekies, die vrug van baie middae se werk in die skaduwee van die prieel agter die huis. Ek sit twee tafeldoeke eenkant - ek wil dit hou vir 'n aandenking. Johanna het 'n goeie horlosie en 'n duur radio gehad. Ek pak dit ook in. Ek kry haar bankboekie in die kas. Sy het R700,00 gespaar.

Johanna se skoonsuster kom saam met Doris om met my te praat.

"Ons kom net Johanna se goed haal," sê die skoonsuster.

"Ek het dit nog nie alles ingepak nie," probeer ek tyd wen.

"Ons sal self pak. Gee net die sleutel van die kamer," sê die swart vrou met 'n bot uitdrukking op haar gesig.

Ek dink vinnig. Johanna se goed en veral die geldjies is al wat daar vir die kind oorbly. Ek is glad nie seker daarvan dat dit by Mmamodidi sal uitkom as ek dit nou hier afgee nie. Ek onthou hoe Johanna oor die skoonsuster gekla het.

"Hoor hier," sê ek so vriendelik as moontlik. "Ons wil ook graag na Johanna se begrafnis toe gaan. Ek en my man het gedink ons sal die goed saamneem en dit vir die ouma gee, want sy moet dit gebruik om vir Mmamodidi te sorg."

Van die geld sê ek niks.

Doris bly die hele tyd doodstil.

Die tweede naweek gaan verby. Maandag kom die broer na ons toe.

"Ons gaan Johanna hierdie naweek bêre," sê hy.

"Hoe gaan julle die liggaam by die plaas kry?" vra Markus.

"Ons het klaar gepraat met 'n ander man vir 'n bakkie."

"Is dit nie baie duur nie?" vra Markus.

"Ja, baas," sê hy. "Maar ons sal poel."

Markus verduidelik dat ons Johanna se salaris vir die laaste maand en haar bonus vir die jaar sal betaal. Ons sal die geld vir die ouma gee. Vir die vervoerkoste van die liggaam wil ons ook bydra. Hulle moet net 'n aanduiding gee van wat die koste is.

Toe vra Markus: "Sal jy vir ons kan beduie hoe ons moet ry om by die plaas te kom? Hoe laat gaan julle die begrafnis hou?"

"Ons weet nie hoe laat ons haar sal bêre nie. Ons sit mos so deur die nag, ons sit net so. Dan as die môre kom, ons sal hom bêre," sê hy.

En ons kry niks meer uit hom nie.

"Wat van Johanna se goed?" vra hy 'n rukkie later. "Ek sal hulle sommer nou vat."

"Nee," sê ek, nog steeds bang dat die besittinkies nie hulle bestemming sal bereik nie. "Ons sal dit bring as ons kom. Ek wil self met Mmamodidi praat."

Voor hy loop, huiwer hy 'n oomblik, draai dan half om en sê: "Die mies-hulle sal nie die plek kry nie - die pad is baie lelik daar."

Ek gaan soek vir Doris.

"Doris," vra ek. "Gaan jy na Johanna se begrafnis toe?"

"Ja miesies, sy was mos my friend."

"Weet jy waar hulle bly?"

"Ja, mies, ek kom ook van daardie plek af."

"Sal jy dan asseblief saam met ons ry sodat jy vir ons die pad kan wys. Ons wil ook graag gaan."

En skielik is Doris glad nie meer seker of sy die pad sal kry nie. Sy ry ook maar altyd saam met die taxi, sê sy. Hoe meer ek uitvra en mooipraat, hoe meer ontwykend raak sy.

"Markus, wat gaan nou aan?" kla ek die aand. Hoekom wil hulle nie vir ons die pad wys nie? Ek kan mos nie sommer aangaan asof niks gebeur het nie. Dit voel vir my asof 'n begrafnis 'n afsluiting is. Ek wil ook met die ouma praat. As Mmamodidi gaan swaarkry, kan 'n mens mos probeer help."

"Jong, ons verstaan nie altyd die manier waarop die swartmense dink nie - trouens, ek dink ons verstaan bykans nooit nie. En ek moet jou sê hulle verstaan ons ook nie. Jy sal nie weet of hulle 'n rede het om ons motiewe te wantrou nie. En miskien sal dit hulle inhibeer as ons daar is. Ons sal nie weet nie."

"Ek dink jy moet jou maar daarop voorberei dat jy dalk glad nie na die begrafnis toe sal kan gaan nie," voeg hy na 'n rukkie by.

Ek vertel die verhaal vir 'n vriendin en skaam my half dat ek nog steeds nie my trane kan bedwing nie.

"En hoe kom jy nou reg?" is al wat sy vra. "Waar gaan jy weer so 'n goeie bediende kry?"

Van verontwaardiging droog my trane sommer op. Ek sien Johanna se vreemde stil gesig op die draagbaar en dink aan die koue eensaamheid van 'n liggaam in 'n yskas in 'n lykhuis. En sy dink aan Johanna bloot in terme van haar waarde as huishulp.

My ma bel.

"Jy moenie so hartseer bly nie," probeer sy troos.

"Ek kan dit nie help nie."

"Ja, maar dit sal jou kinders affekteer. Kom jy darem so alleen reg? Jy sal maar weer iemand moet kry om jou te help, so met die groot huis en die kleintjies," bekommer sy haar oor my.

"Ek kan Johanna nie sommer net 'vervang' nie - dit voel vir my na heiligskennis om 'n mens te 'vervang'."

"Dit begryp ek," sê my ma. "Jy sal die ding maar eers in jouself moet verwerk."

En so is dit. Ons, ons wittes, ons verwerk dinge in onsself, uiteindelik is smart en die hantering daarvan 'n individuele saak.

Doris kom weer by ons aan.

"Johanna se familie wil hê die miesies moet haar goed regmaak. Ek sal dit vir hulle vat."

"Doris, kom nou uit met die ding. Hoekom kan ons nie die goed self vat nie? Hoekom wil niemand vir ons sê waar die plek is of met ons saamry nie? Ons het mos lank saam met Johanna gelewe - ons kan haar mos nie sommer so vergeet nie. Dit sal voel of ons haar weggooi."

"Ai, miesies," en dit lyk of Doris my jammer kry. "Jy sien miesies, as ek met julle saamgaan, hulle sal sê die miesies het Johanna se goed vir my gegee."

"Maar Doris, die goedjies is so min - en dit is mos die kind s'n. Ek sal dit mos nie uitdeel nie."

"Julle verstaan nie, miesies. Die wit mense verstaan nie onse maniere nie."

En ek dink: "Ja, maar julle verstaan ons ook nie. Ek wil gewoon as afskeid iemand wat na aan my was se begrafnis bywoon."

Johanna het by ons gebly en gewerk. Sy het ons roetine gevolg, soos ons geëet, saam TV gekyk, my gehelp brei aan 'n trui. Sy het nie graag 'huis toe' gegaan nie, selfs gesê sy hou nie baie van die plaas nie en dikwels vroeër as beplan teruggekom na 'n vakansie. Maar wat het ons regtig van mekaar geweet?

Die waarheid is dat sy ten spyte van alles steeds op die periferie van ons lewe gestaan het. En ons staan geheel buite die kring waaruit sy gekom het.

Sy word nou teruggeneem deur haar mense, al lyk dit nie of dit meer haar mense kan wees nie. Sy word opgeneem, toegevou in die gemeenskap. Haar dood word kollektief hanteer en beween. Die wat van haar bloed is, gaan haar bêre in die sagte, warm bruin grond.

Ek en Markus gaan weer na Johanna se broer. Ons gee die pak goed vir hom met die lysie. Ek vra hom om die duplikaatlysie te teken - 'n laaste poging om hom dit op die hart te druk dat dié goed Mmamodidi toekom. Maar ek weet nie of die konsep van gemeenskapsbesit nie uiteindelik tog maar sal seëvier nie.

Markus oorhandig die geld wat ons beloof het.

Ons ry weg. Die episode is afgehandel.

Ses maande later kom vertel Doris dat Johanna se broer en skoonsuster vir Mmamodidi op die plaas gaan haal het. Sy is nou by ander familie in Mabopane. Verder weet sy niks, sê sy.

Ek lê baie nagte bekommerd wakker oor 'n swart plaasdogtertjie in die oorvol township, waar sy miskien as 'n ekstra mond om kos te gee nie eers welkom is nie.

Ek treur oor Johanna, oor haar dood en oor haar lewe, en ek glo ek is daarin opreg. Ek dink sorgsame en magtelose gedagtes oor Mmamodidi, miskien onnodiglik, maar hoe sal ek weet?

Ek sit in my sagte woonkamerstoel in 'n tuinryke voorstad en kyk nuus op die televisie in die jaar van ons liewe Here negentien honderd een en negentig - na stukkende huise en strate vol woedende mense in die townships.

So leef ons mos in hierdie land.

Die kind is Mmamodidi.

Hoe sal sy mooi lewe?

Die reëls van die spel

In die land van die langarms en die kortarms was die langarms altoos die gewilliges. Met hul klein beentjies kon hulle met kort treetjies moeisaam oor die weg kom, maar hul arms was lank en gespierd en kon korte mette maak van werk waarin handvaardigheid en krag die deurslag gegee het.

Die kortarms se arms was nie werklik kort nie, maar in vergelyking met die langarms was hul armslag pateties. Nog 'n verskil was die voorplanting. Behalwe lang arms had die langarms ook formidabele voortplantingsorgane, wat verseker het dat hule uitbundig dubbeld so vinnig as die kortarms aangewas het.

Om redes wat niemand meer kon onthou nie, was die kortarms in beheer van bragga, die nasionale spel. Hul hoofghoeroe was Karavan III, wie se naam lang togte oor verre woestyne in die herinnering roep. Spoed was die kortarms se sterk punt. Daarvoor het hulle pragtige bene gesorg.

Bragga was 'n spansport wat groot spoed van sy deelnemers geverg het. Dit is met 'n eiervormige bal gespeel en die doel daarvan was om die bal deur die opponente te dra en dit agter hul doellyn te plant soos dit geheet het. Die spelers wat altoos die spanne van aansien gehaal het, was dus die manne met fris kuite en dik dye. Dat hul bolywe en arms soms onderontwikkel was, het min saak gemaak. Dit sou wel 'n nadeel gewees het indien hulle die dwarsgooi moes uitvoer.

Dit was nou weer vir jou 'n nuwigheid. Die dwarsgooi was een van die interessantste maneuvers van bragga. Dit is deur Karavan III ingevoer nadat-hy eendag gesien het hoe twee langarmseuntjies klippe so groot soos volstruiseiers vir mekaar gegooi het: sonder veel inspanning dwarsoor die breedte van 'n braggaveld. Dit het hom op die gedagte gebring om die reëls van die spel so te wysig dat elke span 'n langarm of twee kon insluit terwille van die dwarsgooi.

Hierdie toertjie het die spel lewendig gehou. Iedere keer wanneer 'n los gemaal in 'n wriemelende hoop bene en arms vasgeval het, kon 'n langarm nader strompel, die bal onder die liggame uit grawe en dit sierlik met 'n hoë boog skiet na die lynsneller wat buite gevaar trippelend daarop staan en wag het. Dit het die skares tot raserny gedryf om te sien hoe hul man dan pylreguit doellyn toe nael.

Het ek vergeet om dit te noem? Bragga was natuurlik 'n spel vir kortarms, want die langarms sou nooit die pas kon volhou met hul potsierlike beentjies nie. Die reëls was eenvoudig so dat jy soos 'n ribbok moes kon hardloop. Danksy Karavan III se verbeeldingryke innovasie het die langarms egter 'n belangstelling in die spel ontwikkel.

Mettertyd het talle van hulle die pawiljoene toegepak. Hulle het asemloos gewag vir hul man se gooi en dan het hul toejuiging vir hul gooiers die kortarms se toejuiging vir die sneller oorstem. Wat die kortarms ontstig het en hul skuins na die raserige mense laat kyk het.

En dit was werklik 'n ernstige saak, want die krag van die applous het beslis aan die spanlid se motivering verskil gemaak. Die kortarms op die veld het naderhand begin voel hul aandeel is nie meer belangrik nie.

Hierdie ontevredenheid met die langarms se baldadigheid het tot so 'n hoogtepunt opgebou dat die toeskouers op die pawiljoene handgemeen geraak het en by tye selfs die lynregters afgeransel het. Die groot braggaraad het koppe bymekaar gesit in hul spesiale lugverkoelde raadsaal bokant die glaslosies.

Hierdie raad het natuurlik uit kortarms bestaan, wat direk daartoe gelei het dat die reëls vir die spel weer terug verander is sodat geen langarm ooit weer sy voete op 'n braggaveld sou sit nie.

Hierdie besluit is wyd en syd in die media uitgebasuin en het ongekende woelinge onder die kortarmbevolking ontketen. Daar was diegene wat toegeeflik gereken het dat die langarms nou eenmaal daar is om te bly. Fundamentalistiese kortarms het egter uit hul wonings getuimel, in falanks op falanks gearm deur die strate gestorm en slagspreuke teen die dwarsgooireël gebrul dat dit 'n naarheid was. Gemoedere het nog nooit so hoog geloop nie. Karavan III is oor en oor verseker dat hy geen kans had om weer in die opperraad van braggaghoeroes verkies te word nie. Kyk net watter gemors het sy kammakastige slim plan veroorsaak.

Nodeloos om te sê, toe die eerste dwarsgooilose braggawedstryd hierna plaasgevind het, het drie dosyn langarms op die veld gewaggel, die eierballetjie in 'n oogwink afgevat en dit so ver oor die hoofpawiljoen gegooi dat dit eers dae later anderkant die treinspore opgetel is. Op die veld het langarms en kortarms slaags geraak, wat tot die kortarms se nadeel was, want teen die krag van die langarms se pesige pompe was hul nie bestand nie. Druipstert moes hulle die slagveld ruim, tot groot misnoeë van hul ondersteuners wat hul teleurstelling met 'n oorverdowende geloei te kenne gegee het.

Tot algemene ontsteltenis het die langarms egter nie net die veld oorgeneem nie, maar skynbaar spontaan hul eie spel ten aanskoue van die derduisende tradisionaliste begin. Omdat iemand die ligte eiervormige balletjie van die kortarms weggegooi het, is 'n opgestopte ronde bal aangebring, amper kliphard en lekker swaar vir ekstra vasvat. Die langarms het in twee rye teenoor mekaar op die kantlyne gaan staan en begin om die swaar bal heen en weer te slinger.

Die kortarmtoeskouers wat nie brakend van woede en walging oor hierdie heiligskennis huis toe laat het vat nie, het gaan sit om te sien hoe die nuwe spel daar uitsien. Kort voor lank het die langarms hul storie uitgewerk gehad en het hulle die ronde bal met mening begin skiet, boul en slinger, al hoër en harder. Teen hul sin het die toeskouers die krag en akkuraatheid van die gooie bewonder en nostalgies gedink aan die dae toe hierdie besondere vaardigheid alledaags op die land se velde was.

Na afloop van hierdie vertoning was die langarms so oormoedig dat hulle 'n uitdaging tot die kortarms gerig het: 'n wedstryd volgens die kortarms se reëls. Hierdie uitdaging kon egter nie sommerso aanvaar word nie, en met groot leedvermaak het die langarms die einde van 'n wekelange debat in kortarmgeledere afgewag. Hoe sou hulle die bal uit die langarms se hande kon hou? Dit was te laat om die reëls van die spel te wysig. In elk geval

sou die opperraad van die reëlskomitee eers oor sewe weke vergader, en geen verandering mag ingevoer word sonder hul goedkeuring nie. Dus.

Om hul eer te red, het die kortarms mettertyd ingestem. Hulle snellers het langer ure in gimnasiums en op grasvelde gesweet om hul spoed te verbeter; balletinstrukteurs het hul voetvaardigheid opgeskerp; die afrigters het nagte in die glaskas van die ghoeroes gesit en oor taktiek beraadslaag.

Die dag van die wedstryd het die pawiljoene gewieg en gekraak. Die skril krete van die kortarmtoeskouers is oorstem deur die bas gebulder van die langarms. Toe die spanne op die veld draf en strompel, het 'n dieper maar intense stilte egter gedaal.

Daar was toe eintlik geen wedstryd nie. Nadat die eerste langarm die bal in die hande gekry het, het die hele langarmspan eenvoudig vorentoe gestrompel, hulle geensins aan die kaartman van 'n skeidregtertjie gesteur nie, en die bal van hand na hand laat skiet teen so 'n spoed dat die TV-kameras dit heeltemal verloor het. Toe die kameras en die kortarms hul oë uitvee, was die langarms agter hul doellyn en het die gebrul van die langarms in die pawiljoene geen teenstand geduld nie.

Die kortarms op die veld het besef dat hulle finaal verslaan is. Kop onderstebo het hulle na hul kleedkamer gestap terwyl die langarms op die pawiljoene hulle met alle denkbare voorwerpe bestook het. Karavan III en sy medeghoeroes van die braggaspel het in hul veilige, lugverkoelde glaskaste gesit en kyk. Hul gesigte was onherkenbaar vertrek van skrik en afgryse.

Hierna het 'n tweede span langarms op die veld gedraf. Onder die goedkeurende gebrul van die skare het 'n langarmskeidsregter verskyn en is 'n nuwe spel volgens nuwe reëls begin.